




TOM NEWBY SCHOOL
KWARTAAL 4 NOVEMBER ASSESSERING

Vak	AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL	Eksaminator	MEV. L. BRITS
Datum	NOVEMBER 2024	Totaal	40 PUNTE
Graad	5	Tyd	1 UUR
District	EN	Moderator	MEV. X. STRYDOM
Spesiale instruksies/toerusting		• Instruksies Lees jou vrae goed deur. • Antwoord al die vrae. • Skryf netjies en leesbaar. • Geen woordeboeke.	
This exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Book. The marking memorandum has been compiled accordinglu. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.			

Naam:	Van:	Klas:
--------------	-------------	--------------

1. Hierdie vraestel bestaan uit **4 vrae** and **10 bladsye**:

- Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks** (15)
Vraag 2: Visuele teks (10)
Vraag 3: Opsomming (5)
Vraag 4: Taalstrukture en konvensies (10)



2. Jy moet al die vrae beantwoord.
3. Beantwoord al die vrae in volsinne tensy anders aangedui.
4. Neem kennis van die punte toekenning per vraag.
5. Lees jou vrae noukeurig deur en skryf jou antwoorde netjies neer.
6. Onthou: GEEN ENGELS.



VRAAG 1: LEESBEGRIIP (15 PUNTE)

Lees die Fabel en beantwoord die vrae wat volg:

Abu Ali tel sy donkies



- 1 Eendag stap Abu Ali dorp toe om 'n paar donkies te gaan koop. Hy koop nege donkies en ry op die voorste een huis toe. Die ander donkies loop agterna.
- 2 Na 'n rukkie se Abu Ali by homself: "Ek moet seker maak dat al my donkies hier is." Hy draai om en begin sy donkies tel.
- 3 Hy tel net agt donkies. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. O, gits! Waar is die negende donkie?" roep Abu Ali uit.
- 4 Hy spring van sy donkie af en soek na die negende donkie. Hy soek agter die bome en rotse, maar hy sien die donkie nêrens nie. "Ek sal weer tel," sê Abu Ali. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Nou is daar nege! Die donkie het seker teruggekom!"
- 5 Hy klim toe maar weer op die donkie en ry verder. Na 'n rukkie draai hy weer om en tel die donkies: "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. Daar's net agt donkies!" Hy spring van die donkie af en soek weer agter die bome en rotse na die negende donkie. Hy kry die donkie nêrens nie.
- 6 Ek sal weer tel," sê hy. Hierdie keer is daar weer nege! Hy klim op die donkie en ry verder.
- 7 'n Rukkie later sien Abu Ali sy vriend, Musa, langs die pad. "Musa!" roep hy uit. "Help my om my donkies te tel, asseblief. Daar's elke keer een te min. Wanneer ek stop om hulle te tel, is daar net agt donkies, maar as ek afklim om na die negende een te soek, is hy weer daar. Dan is daar nege!"
- 8 "Wel, ek kan tien donkies sien, Abu Ali," lag Musa.
"Tien? Hoe so?" vra Abu Ali.
- 9 "Ek sien die donkie waarop jy ry en ek sien agt donkies agter jou." sê Musa.

“Natuurlik!” roep Abu Ali uit. “Ag, ek was so dom! Maar waar is die tiende donkie?”

10 “Hy ry op die negende donkie se rug,” sê Musa, “en sy naam is Abu Ali!”

Aantal woorde: 249

Bron: Afrikaans Sonder Grense Graad 5

Vrae:

1.1 Hoeveel donkies het Abu Ali gekoop? (1)

1.2 Abu Ali sien sy vriend langs die pad. Wat is Abu Ali se vriend se naam? (1)

1.3 Die volgende sin is ONWAAR. Herskryf die sin om dit waar te maak. (1)

Abu Ali ry op die donkie se stert.

1.4 Die volgende sinne is geskommel. Herskryf hulle in die regte volgorde. (1)

Abu Ali soek die negende donkie. Hy koop nege donkies. Abu Ali stap dorp toe. Hy ry op die negende donkie se rug.

1.5 Onderstreep die korrekte antwoord: (1)

Abu Ali stop elke keer om die donkies te voer / te tel.

1.6 In paragraaf 7 vra Abu Ali sy vriend, Musa om hom te help om die donkies te tel. Waarom doen hy dit? (1)

Onderstreep die korrekte antwoord:

Abu Ali vra Musa om hom te help omdat:

A. Hy nie tot by nege kan tel nie.

B. Hy nie kan sien nie.

C. Hy nie slim genoeg is om sy fout agter te kom nie.

1.7 Waarvoor, dink jy, gaan Abu Ali die donkies gebruik? (1)

1.8 Wat is die les wat ons uit hierdie Fabel leer? Kwoteer 'n reel uit die Fabel om jou antwoord te staaf. (paragraaf 7) (2)

Les:

Reël uit paragraaf 7:

1.9 Kies jou gunsteling karakter tussen Abu Ali en Musa. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

My gunsteling karakter is: _____

Rede: _____

1.10 As Abu Ali nie sy vriend, Musa, gesien het nie, wat dink jy, sou gebeur het?

(1)

1.11 Abu Ali kon nie sy negende donkie sien nie. Dink jy dit sal help as hy 'n bril kry? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.12 Abu Ali se vriend, Musa, sê vir hom hy is dom. Dit is nie mooi om vir iemand te sê dat hulle dom is nie. As jy Abu Ali se vriend was, wat sou jy vir hom gesê het? (1)

VRAAG 1: 15 PUNTE

VRAAG 2: VISUELE GELETTERDHEID (10 PUNTE)



Die Donkie Padstal Huis Mark

25
Alsace Straat
Bayswater

Nuut in Bloemfontein

Kom kuier en loer gerus
na die verskeidenheid handgemaakte
produkte wat uitgestal word. Geniet die atmosfeer van 'n klein
intieme padstal hier in die
♥ 'tjie van die Rosestad.

14de Junie 12H00 - 18H00
15de Junie 10H00 - 13H00
17de Junie 10H00 - 14H00

Daar is baie om na uit te sien!
Verversings & kos word te koop aangebied.

In samewerking met:
Print Creative & Crafts
JO & Pulaantjie

Kontak vir Stalletjies & Navrae: 082 376 1696 / 084 515 8438

Vrae:

- 2.1 Watter dier word in die advertensie gebruik? Kwoteer 'n reël uit die advertensie om te wys hoekom hulle hierdie dier gekies het. (2)

Dier: _____

Reël: _____

- 2.2 Waar of onwaar: Indien die antwoord onwaar is, maak dit reg. (2)
Die produkte wat te koop is word deur masjiene gemaak.

- 2.3 Waar word die padstal gehou? (1)

- 2.4 Watter nommer kan jy skakel vir 'n stalletjie? (1)

- 2.5 Die donkie mark sal nie suksesvol wees sonder die samewerking van watter besighede. (1)

- 2.6 In die advertensie skryf hulle: "Daar is baie om na uit te sien" (1)
Dit beteken: (Onderstreep die regte antwoord)
A. Mense kan nie wag om te gaan nie.
B. Almal gaan hulle familie sien.
C. Dit is vir mense wat nie kan sien nie.
- 2.7 Kyk na die advertensie. Noem een tegniek wat gebruik word om jou aandag (1)
te trek en verduidelik hoe dit gebruik word.

- 2.8 Die advertensie sê: "Versversings en kos word te koop aangebied." (1)
Wat, dink jy sal jy daar sal kan koop?

VRAAG 2: 10 PUNTE

VRAAG 3: OPSOMMING (5 punte)

Gebruik die leesstuk "Abu Ali tel sy donkies" om jou opsomming te doen.

Instruksies:

- Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van die inligting.
- Die opsomming moet **PUNTSGEWYS** aangebied word en uit **50 - 60 woorde** bestaan.
- Nommer jou sinne van **1 tot 7**.
- Redigeer jou eerste weergawe.
- Skryf jou finale weergawe weer in **PUNTVORM**. **Nommer jou sinne van 1 tot 7**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde wees.
- Dui die **HOVEELHEID WOORDE** wat jy gebruik het, onderaan die opsomming aan.

Eerste weergawe:

Aantal woorde: _____

Finale weergawe:

Aantal woorde: _____

VRAAG 3: 5 PUNTE

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (10 PUNTE)

Gebruik die leesstuk: “Abu Ali tel sy donkies” en beantwoord die volgende taalvrae. Spelling tel. Geen Engels.

- 4.1 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**: (1)
teruggekom: _____
- 4.2 Gee 'n **antoniem**, uit paragraaf 9, vir die volgende woord: (1)
slim: _____

- 4.3 Skryf die sin in die **ontkennende vorm**. Vul die spasies in. (1)

Abu Ali is slim.

Abu Ali is _____ slim _____.

- 4.4 Gee die korrekte vorm van die woord in hakies. **Trappe van Vergelyking**. (1)

Abu Ali en sy donkies loop ver om by die dorp te kom. Hulle loop (ver)
_____ as al die ander mense.

- 4.5 Kyk na die volgende woord. Breek die woord op in die **voorvoegsel**, **basisvorm** en **agtervoegsel**. (1)

ontelbaar

Voorvoegsel: _____

Basisvorm: _____

Agtervoegsel: _____

- 4.6 Lees die volgende paragraaf, gebasseer op die storie **Abu Ali tel sy donkies**. Onderstreep die **spelfout** in die paragraaf. (1)

Abu Ali is beslis nie 'n slim man nie. Hy maak baie dom voute. Hy kan ook nie mooi tel nie. Gelukkig het hy sy goeie vriend Musa om hom te help.

Abu Ali moet vir sy vriend baie dankie sê.

- 4.7 Identifiseer die **bywoord** in die volgende sin. (1)

Abu Ali ry stadig op sy donkie deur die woestyn.

Bywoord: _____

- 4.8 Gee die **meervoud** van die volgende woord: (1)

vriend: _____

- 4.9 Gee 'n **sinoniem**, uit Paragraaf 1, vir die volgende woord: (1)

loop: _____

- 4.10 Kyk na die **voornaamwoorde** in die blokkie en vul die korrekte een in. (1)

sy	haar	hy	hulle	hom
----	------	----	-------	-----

Abu Ali het nege donkies gekoop. Dit is _____ donkies.

VRAAG 4: 10 PUNTE

GROOTTOTAAL: 40 PUNTE



TOM NEWBY SCHOOL
KWARTAAL 4 FORMELE ASSESSERING
AFRIKAANS FAL GRAAD 5

Performance Analysis

(For Teacher use only)

Learner's name and surname: _____

Class: _____

	Vraag 1	Vraag 2	Vraag 3	Vraag 4
	Begripstoets	Visuele teks	Opsomming	Taal
Moontlike punt	15	10	5	10
Leerder punt				